IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I230 VOL. 348 PG. 19879 - 19933

SAAKNOMMER: CC 482/85 | PRETORIA

1988-02-17

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 348

(Bladsye 19 879 - 19 933)

HOF HERVAT OP 17 FEBRUARIE 1988.

MAXALA SIMON VILAKAZI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U edele, beskuldigde nr. 14 is afwesig ooreenkomstig die verlof wat die hof verleen het.

HOF : Dankie.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Vilakazi, ons was gister besig met die vergaderings omtrent die jeuggroep of die jeugorganisasie wat gestig moes word? -- Ja, dit is so.

U het gister getuig dat die woorde wat u gebruik het "Ons het drie vergaderings gereël in 1984." -- Ja. Wat ek daarby bedoel het is dat ons het twee of drie vergaderings gehou by die area waar ek woon.

Wie is die "ons" wat u van praat wat die vergaderings gereël het? -- Van "ons" praat ek van die mense wat saam met my in die area woon wat saam met my daar was.

Vertel vir ons wie was die "ons" wat die vergaderings gereël het? Noem vir ons die name? -- Een van hulle se name is David Radebe, die tweede een is Tau Radebe, die derde een is Thabo Sithole en andere wie se name ek nie nou kan onthou nie.

Wanneer het hierdie vergaderings plaasgevind? Die maand wat hulle plaasgevind het? -- Ek kan nie meer die presiese datums onthou nie, maar wat ek wel kan sê is dat dit gedurende Aprilmaand was toe die vergaderings gehou was.

HOF : Dit is nou April 1984? -- Ja.

MNR. JACOBS : Al drie die vergaderings? -- Om en by daardie tyd, dit is April en Mei. Dit kan wees dat daar miskien twee in April gehou was en die derde een in Mei gehou is. Ek kan nou nie met sekerheid sê presies gedurende watter maand

al drie gehou was nie.

Het u voorgesit by al drie hierdie vergaderings? -- Ek was nie 'n voorsitter by al drie van hulle nie.

HOF : Was daar 'n voorsitter? -- Ons het nie 'n gereëlde voorsitter gehad voor die vergadering begin het nie. Wat gebeur het is dat terwyl ons daar was met die doel om die vergadering by te woon, het ons sommer daar besluit wie die persoon is wat daardie dag gaan optree as 'n voorsitter.

MNR. JACOBS : Het u opgetree as die voorsitter op die vergaderings? -- Ja, dit is so.

Op al drie? -- Nie vir die drie nie.

Wie was by die ander vergaderings die voorsitter? -- Ek onthou van een vergadering waar ek nie as 'n voorsitter opgetree het nie, dat daar 'n versoek was aan David Radebe om op te tree as 'n voorsitter. Ek kan net nie onthou watter een van die vergaderings dit was nie.

Dit het alles geskied in gebied 3. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

In gebied 3, het julle 'n tak gehad of 'n gebiedskomitee, 'n takkomitee of 'n gebiedskomitee? -- Ons was die mense wat gebied 3 verteenwoordig het.

Was julle 'n gebiedskomitee of 'n tak? -- As 'n werkskomitee.

So, julle was 'n komitee? -- 'n Komitee bestaan uit persone wat gekies is op die komitee. Ek sal sê hier was ons 'n werksgroep gewees.

En nie 'n komitee dan nie? -- Nee, ons was nie 'n komitee gewees nie, want ons was nie gekies op 'n komitee nie.

Was daar in die Vaal in die ander gebiede enige komitees wat bestaan het? -- Ek weet nie van komitees wat gekies

was/...

was nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Werksgroepe? -- Daar was nie komitees wat gekies was nie, maar ek weet daarvan dat daar werksgroepe bestaan het.

MNR. JACOBS : Het daar so iets soos takke bestaan? -- Dit was bekend as "area working groups".

En was die bedoeling gewees dat al die jongmense wat die skool verlaat het in die hele Vaaldriehoek in die verskillende gebiede en voorstede sou sulke werksgroepe vorm? -- Dit was die posisie gewees, maar dit was net alleenlik in Sebokeng gewees waar sulke werksgroepe bestaan het.

Ons sal daarop terugkom net nou. Sê net vir die hof, die vernaamste persone wat die leiding geneem het om hierdie jeugorganisasie op die been te bring was jy en beskuldigde nr. 5. Is dit reg? -- En andere.

Wie is die ander mense wat ook die leidende rol gespeel het met die op die been bring van ŉ jeugorganisasie in die Vaal? -- Dit was mense gewees vanaf die ander areas, ook in Sebokeng.

Miskien kan ek vir jou dit so vra. Wie het aanvanklik begin werk met die idee om die jeug bymekaar te kry om van die verskillende wyke af almal bymekaar te kom om dan te besluit hoe dat hulle te werk sal gaan om so ŉ organisasie te stig? -- Dit het begin by die vergadering van 18 Junie 1983.

Dit is mos nie reg nie. Dit het mos al begin nadat die COSAS kongres in 1982 gehou was en nadat ondersoek ingestel was vir die tot stand koming van die jeugorganisasies en nadat aan beskuldigde nr. 5 gerapporteer was en voor 16 Junie? -- Volgens wat ek gehoor het van beskuldigde nr. 5

het/...

het die besprekings begin by die kongres in 1982, maar na dit was daar niks wat gedoen was nie tot en met die datum van die 18de Junie 1983.

As beskuldigde nr. 5 vir die hof vertel het hier dat voor 16 Junie 1983 was daar alreeds noem dit dan ŉ werksgroep as jy wil en waarvan jy ŉ lid was, wat sê jy dan daarvan? -- Dit kan wees dat hy miskien daar ŉ fout gemaak het. Ek het eers ŉ lid geword eers na die 18de se vergadering.

HOF : Dit is nou 18 Junie, nè? -- 18 Junie 1983.

Wat is u verwysing?

MNR. JACOBS : Dit is volume 205 bladsy 10 742 waar die komitee was en uit daardie hele deel wat daar gelei was deur die verdediging blyk dit dit was voor 16 Junie. Op 18 Junie 1983 was daar ŉ komitee gekies om ŉ jeugorganisasie van stapel te stuur? -- Op 18 Junie was daar mense gewees vanaf verskillende areas aan wie ŉ versoek gerig was dat hulle die werk sal moet oorneem by die areas waarvandaan hulle gekom het.

Hoeveel mense het op 18 Junie opgedaag om onder die groep wat daar opgedaag het om oor die jeug te praat? Hoe groot was die klomp mense? ŉ Paar honderd of hoeveel? -- Is u vraag oor die algemene bywoning van die mense, wat die getal van die mense was of is u vraag bepaal op die mense wat deelgeneem het aan die organisasies wat gestig moet word?

Ek vra hoeveel mense het agtergebly na die afhandeling van die herdenkingsdiens wat agtergebly het waar die jeug bymekaar gekom het? -- Tussen veertig en vyftig persone skat ek dit.

En is uit daardie veertig en vyftig persone ŉ aantal gekies om die werksgroep te vorm? -- Nee, ek het alreeds

gesê/...

gesê dat mense wat daar teenwoordig was afkomstig was van verskillende areas en hulle was versoek om die verantwoordelikheid te aanvaar van die werk wat gedoen moet word by die areas waarvandaan hulle gekom het. As ek miskien ŉ voorbeeld kan maak, byvoorbeeld soos. Sê nou daar was vyf persone vanaf dieselfde area en dan word daar gesê daar is twee persone wat daardie area moet verteenwoordig, sal dit dan bespreek moet word onder mekaar deur die vyf wat vanaf dieselfde area kom om te besluit wie die twee sal wees van die vyf wat daar teenwoordig is, of miskien waar dit die geval is dat net een persoon benodig word, dan sal hulle dit onder mekaar moet bespreek wie besluit hulle sal daardie verantwoordelikheid moet neem.

Is dit wat gedoen is op daardie spesifieke vergadering daardie dag? -- Dit is wat ons gedoen het op hierdie dag.

En die mense wat toe nou uiteindelik deur die wyke aangewys is, het julle julleself gekonstitusioneer as ŉ "steering committe", ŉ aksiekomitee? -- Ons het nie by die jeug ŉ aksiekomitee gehad nie. Ons het eintlik nie gebruik gemaak van hierdie woord "aksiekomitee" nie.

<u>HOF</u> : Nou maar afgesien van die gebruik van die woord, as ek u reg verstaan is in elke gebied een of twee persone aangewys as kom ons noem dit nou die mense wat die verantwoordelik vir die gebied op hulle moet neem, sê maar die organiseerder van die gebied. Nou, al daardie organiseerders saam, het hulle nie ŉ soort groep of komitee of wat ook al gevorm wat bymekaar gekom het nie? -- Dit was gesê dat hulle as "working groups" gaan werk.

In die afsonderlike area werk hy met sy mense van die area as ŉ "working group"? -- Dit is so.

Maar/...

Maar uit die "working group" is daar nie mense aangewys of was daar nie mense wat met mekaar bymekaar gekom het vir die hele gebied nie? -- Dit is reg, dit het gebeur dat daar ŉ verteenwoordiger vanaf ŉ werksgroep by ander verteenwoordigers uitgekom het waar hulle vergader het. Daar was twee sulke vergaderings gehou wat ek bygewoon het waar die verteenwoordigers verslag gedoen het in die teenwoordigheid van die ander van wat gebeur in die area waar hy as ŉ verteenwoordiger gekies is. Byvoorbeeld, by die twee vergaderings waarvan ek praat van die verteenwoordigers, het van die verteenwoordigers nie daardie vergadering bygewoon nie. Dit is juis die rede hoekom daar nie gevorder was nie.

MNR. JACOBS : Op hierdie vergaderings waar teruggerapporteer is, noem dit nou maar die terugrapporteer vergadering van die hele groep, was daar notule gehou van daardie vergaderings? -- Ek onthou nie dat daar notule gehou was nie.

En by hierdie vergadering het beskuldigde nr. 5 daar voorgesit by die vergaderings en dan aan die mense die geleentheid gegee van elke wyk dat hulle moes rapporteer? -- As ek reg onthou mag dit miskien wees dat hy by een vergadering so opgetree het en ek kan nie meer so goed onthou nie, dit is weens die feit dat die gebeure lank terug plaasgevind het, want een van die vergaderings wat veronderstel was om daar gehou te word, het nie in aanvang geneem nie.

U sien, beskuldigde nr. 5 het vir hierdie hof vertel dat hy by hierdie vergaderings die voorsitterstoel ingeneem het en dan was daar ŉ persoon wat die notule geneem het? Wat sê jy daaromtrent? -- Dit kan wees dat dit wel so was by die vergaderings wat ek nie bygewoon het nie. Soos ek alreeds gesê het, in daardie jaar het ek net twee vergaderings

bygewoon/...

bygewoon.

Ken jy vir Oupa Mareletsi? -- Ja, ek ken hom.

Was hy een van die groep gewees? -- Ja, as ek reg onthou was hy in die werksgroep van gebied 13.

En was hy die verteenwoordiger wat dan ook hierdie vergaderings bygewoon het waar teruggerapporteer is? -- Ek kan nie meer onthou of hy by die twee vergaderings wat ek bygewoon het teenwoordig was nie.

U sien, want hy was die man wat die notules geneem het? -- Dit kan wees dat hy notule gehou het by 'n vergadering waar ek nie teenwoordig was nie, maar ek kan nie onthou dat hy dit ooit gedoen het nie.

Wanneer het jy vergaderings bygewoon in 1983, die twee? -- Dit was in Julie/Augustus daar rond.

Hoekom het jy opgehou om dit by te woon? -- Dit was as gevolg van die werk wat baie was om gedoen te word ter stigting van die inwoners se organisasie.

Dieselfde mense het min of meer ook gewerk wat by die Vaal Civic gewerk het vir die stigting van die jeugorganisasie? -- Ek onthou net van twee persone wat in die werk was vir die stigting van die jeugdiges se organisasie en ook betrokke was by die stigting van die inwoners se organisasie.

Wie is dit? -- Dit was ek en beskuldigde nr. 5.

MR BIZOS : I did not want to do it at the time. Although I have no clear independent recollection myself, I am instructed that the minute taking of Mr Oupa Mareletsi was at zone 13 meetings according to the evidence of accused no. 5 and not to the other general, wider meetings, but the record will speak for itself.

COURT : I do not know, Mr Bizos.

MNR. JACOBS : Het Esau Raditsela en Edith Lethlake ook belang gestel in die stigting van hierdie organisasie van die jeug ? -- Nee, hulle was nie daar betrokke nie.

Wat se baie pligte het jy dan gehad wat verhoed het dat jy jou organisasiewerk kon doen? -- Watter een praat u nou van? Is dit met betrekking tot die stigting van die inwoners se organisasie?

Ja? -- In daardie tyd was ons nou druk besig gewees met die "survey".

Het julle ook gewerk om die mense te gaan besoek en vir hulle gesê wat se organisasie wil julle stig en wat die doel van die organisasies is? -- Watter organisasie praat u nou van? Is dit die jeugdiges se organisasie of die inwoners s'n?

Dit is mos die Vaal Civic Association se stigting? Het julle huisbesoek gaan doen by die mense om hulle oor te haal om dit te steun en so aan? -- In die tyd wat ons besig was met die "surveys" het ek niemand genader met die oog daarop om die persoon te vra dat hy of sy by hierdie organisasie moet aansluit nie, want dit was nog nie eers gestig nie.

Wanneer het die "survey" klaar gemaak, die navorsing? -- As ek reg onthou het ons daarmee klaar gemaak in die eerste of die tweede week van Septembermaand.

Daarna, wat se baie pligte het jy toe gehad? -- Die voorbereiding tot die stigting van hierdie organisasie, in besonder om die inwoners te kan verkry of te nooi tot die stigting van hierdie organisasie.

Het julle toe huisbesoeke gedoen om die inwoners te nooi en te kry en te motiveer om die vergadering van die

stigting/...

stigting by te woon? -- Ek het sekere mense wat aan my bekend was genader en hulle ingelig van ŉ vergadering wat gehou gaan word waarin die gemeenskap deel sal moet neem deur mense te kies wat op die organisasie sal dien.

Het die aksiekomitee vir die stigting van die VCA huisbesoeke gedoen om mense te oorreed om die vergadering by te woon en so ŉ organisasie te steun? -- Ek weet nie. Dit kan wees dat hulle die mense ingelig het dat hulle daarmee besig was.

Maar jy was mos op daardie vergaderings wat die aksiekomitee gereeld gehou het. Is daar nie teruggerapporteer en is daar nie beplan dat daar huisbesoeke gedoen moet word om die die idee van ŉ gemeenskapsorganisasie, ŉ "civic" te verkoop onder die mense nie? -- Ek verstaan nie u vraag nie. Wat bedoel u dat mense verkry moet word, om die gedagte of die idee te verkoop om dit te verkry?

Was daar deur die aksiekomitee beplan op hulle vergaderings en was dit gesê dat die lede moet gaan onder die publiek huisbesoek doen en die gedagte van ŉ gemeenskapsorganisasie populariseer sodat die mense so ŉ organisasie moet steun? -- Ek dink amper dit kan wees dat daar ŉ vergadering van daardie aard gehou was. Net soos die vergadering van die 16de waar dit bekend gemaak was, maar ek kan nie meer van die vergadering onthou nie.

Het jy dan oor die vergadering wat jy dan nie kan onthou nie die opdrag uitgevoer en mense besoek en gesê dit is ŉ goeie ding dat daar ŉ VCA moet kom? -- Die enigste tyd waaraan ek kan dink dat ek na die gemeenskap toe gegaan het by die verskillende huise is tydens die "surveys" wat ons daar uitgevoer het.

Het/...

Het jy daardie tyd ook vir die mense gesê dat julle beoog om so 'n organisasie te stig en die mense moet julle steun? -- Ja, na aanleiding van die vrae deur die mense wat ek besoek het tydens die "survey", het ek dit aan hulle verduidelik wat die doel was hoekom die "survey" uitgevoer moet word.

En die tye wat jy nou huisbesoeke gedoen het, het jy nie ook daar jongmense gekry en vir hulle aangemoedig om by die jeugorganisasies aan te sluit nie? -- By die tyd wat ek te doene gehad het met die "action committee" was ek voltyds by die werk gewees. Ek het net op my eie spaar tye die werk uitgevoer. Wat dan beteken het dat ek niks te doene gehad het met ou mense nie, maar waar ek jong mense teëgekom het, het ek dit ook bekend gemaak aan die jong mense dat daar 'n organisasie is wat aan die gang kom wat gestig moet word vir die jong mense.

Ek gaan nou weer na die jong mense toe terugkom. Ek wil net een vraag vir jou vra, op hierdie aksiekomitee vir die Vaal Civic Association, die Vaal Action Committee vergaderings, was dit daar teruggerapporteer wat die reaksie van die mense is omtrent die stigting van 'n organisasie? -- Toe die "surveys" terugbesorg was, was dit toe genoem.

Was dit gedoen op die vergaderings wat gehou was ook, die reaksie van die mense oor die organisasie? -- Nee, ek onthou nie dat dit gedoen was nie behalwe in die geval waar ons nou die "surveys" se verslae nagegaan het en daarvolgens bepaal het wat die gevoel van die gemeenskap was.

Is dit reg julle het hierdie aksiekomitee van julle vir die Vaal Action Committee - het gereeld elke Woensdag en elke Saterdag ontmoet? -- Ja, na 'n sekere tydperk het dit

gebeur/...

gebeur.

Nadat dit tot stand gekom het, is dit nie? -- Ek is nou nie saam met u nie. Nadat wat tot stand gekom het?

Die Action Committee, nadat dit tot stand gekom het is daar begin om elke Woensdag en elke Saterdag vergaderings te hou? -- Nee, in die begin het ons net Saterdae bymekaar gekom.

Die Woensdae vergaderings was dit gehou by die huis van Esau Raditsela? -- Ja, dit is so.

En die Saterdae vergaderings? Ook daar? -- Nee, dit was by die kerk te Small Farms gehou.

Elke Saterdag? -- Sover ek onthou, ja. Dit kan wees miskien dat ten opsigte van een of twee nie by die kerk nie, maar sover ek onthou elke vergadering wat ek aan kan dink was by die kerk gehou.

Dit is Saterdag vergaderings? -- Ja.

En die Woensdae vergaderings wanneer julle dit gehou het by die huis van Esau Raditsela, was daar geluister na die ANC se uitsendings van Radio Freedom? -- Nee, daar is nie so iets nie.

Ek wil net vir 'n oomblik teruggaan na daardie jeugding wat ek vir jou gesê het. Ek sal terugkom na die jeugorganisasie toe. Ek wil u verwys na BEWYSSTUK AN4. In die tweede paragraaf van daardie brief - sê net eers vir die hof, hierdie brief in BEWYSSTUK AN4, u het kennis gedra van hierdie brief? Hier is twee aspekte in hierdie paragraaf. Ek sal dit lees vir jou. "In a recent meeting ..." (Hof kom tussenbei)

HOF : Is daar 'n antwoord op die vraag?

MNR. JACOBS : Ja, hy het nog nie geantwoord nie? -- Ja,

volgens/...

volgens die brief voor my, as ek dit so bekyk, ken ek die brief.

Waarvanaf ken jy dit? -- Ek het dit ontvang. Daarby bedoel ek dat die "working group" van ons het dit ontvang.

En was dit na jou toe gestuur en jy het dit ontvang namens julle "working group"? -- Ja, dit is so.

Die tweede paragraaf wat ek net aan u wil voorlees "In a recent meeting of our working group, it was reported that the steering committee that was formed to work towards the launching of the Vaal Youth Organisation no longer existed." Nou, watter "steering committee" was gevorm om die Vaal Youth Organisation te "launch"? -- Ek het vroeër hier vir die hof gesê dat daar verteenwoordigers was vir elke area en die verteenwoordigers het bymekaar gekom waar verslag gedoen is met die vordering van die werk wat in die areas gedoen word. Ek dink die persoon hier, as die persoon praat van die "steering committee", praat van daardie byeenkoms van die verteenwoordigers.

Dit is baie eienaardig, want hy noem dit ook verder in hierdie selfde paragraaf dat dit blyk dat daar het "committees" bestaan, want "our committee decided to call a meeting for all working groups area committee and youth associations in the Vaal." -- Dit is die persoon se keuse van die gebruik van woorde, dat die persoon verwys na die mense as ŉ komitee. Waarvan ek weet is dat hulle bekend gestaan het as "working group". Dit is nie ŉ komitee nie.

Kom ons net iets anders wat belangrik is aanroer hierso. Hoekom is Sharpeville uitgesluit van julle - noem dit weer dan werksgroep? -- Dit is nie net Sharpeville wat uitgesluit is hierso by die "working group" nie.

Maar/...

Maar ek vra jou hoekom is hulle uitgesluit? Ek het nie dit vir jou gevra nie. Antwoord my asseblief? -- Ek neem aan dat die rede daarvoor is dat omdat daar niemand was teenwoordig by hierdie vergadering van die 18de wat van Sharpeville afkomstig was nie.

Maar hoekom het julle komitee nie Sharpeville se mense gaan nooi nie of julle werksgroep dan, nie Sharpeville se mense gaan nooi nie? -- Ek weet nie hoekom nie, maar hulle was nie daar nie.

Hoekom was Boipatong uitgesluit? -- Ek sal aanvaar dat hulle ook nie daar verteenwoordig was nie.

Maar hoekom het julle hulle nie genooi nie? -- Genooi waar?

Na julle groep toe om by julle groep aan te sluit vir die stigting van ŉ jeugorganisasie? -- Daar het ons gewerk as mense van Sebokeng. Die werkskomitees was van Sebokeng. Ek het nie gedink aan plekke van buitekant af nie.

Maar die idee was mos om die Vaaldriehoek se jongmense wat skool verlaat het te verenig in ŉ jeugorganisasie? -- Al wat ons in gedagte gehad het was die stigting van ŉ organisasie vir die jeugdiges.

Vir die hele Vaal? Dit is die vraag? -- Dit was die bedoeling, ja.

As dit die bedoeling was dan sou ŉ mens verwag het dat julle sou daardie mense gaan kry het? -- Miskien later sou ons hulle genader het, of miskien by die dag van die stigting van die organisasie, sou ons hulle genader het, al was dit alreeds na die stigting. Op die huidige oomblik daar het ons net te doene gehad met die mense wat verteenwoordigers gehad het by hierdie vergadering.

U/...

U sien, wat gebeur het daar is, daar het ŉ Vaal Youth Congress tot stand gekom met takke, "branches"? -- Dit het nie bestaan nie.

Was jy by die begrafnis van Joseph Sithole gewees? -- Ek was nie teenwoordig nie.

Joseph Sithole is begrawe onder ŉ vaandel van Vaal Youth Congress met ŉ hand en ŉ duim wat so staan en met die slagspreuk "One man - one vote." Onderaan staan dit is die "Zone 14 branch." -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Wat is die verwysing daar?

MNR. JACOBS : Dit is BEWYSSTUK AAU2 en 3. Ek sal dit vir jou wys. Sien jy dit? -- Ja, ek sien dit.

En Joseph Sithole was ŉ lid van daardie Zone 14 Branch van Vaal Youth Congress? -- Dit is nie so nie. Hy was nie aan my bekend as ŉ lid van die "working group" van gebied 14 nie. Ek weet van ŉ persoon wat daar was as ŉ verteenwoordiger in die "working group".

HOF : Was hy van gebied 14? -- Ek weet nie waar hy gewoon het nie.

Het u Joseph Sithole geken? -- Eers na die persoon se dood het ek van hom bewus geword as Joseph Sithole. Dit is verduideliking deur sekere mense dat dit my toe bygeval het dat ek wel die persoon vantevore gesien het, maar hy was nie aan my bekend nie.

MNR. JACOBS : Jy sien, dit is selfs in UDF se dokumente en in die besonder BEWYSSTUK AN8, ŉ dokument wat begin heel voor met "Vaal case study Sheet 1." Dan in "Sheet 2" van daardie bewysstuk op bladsy 7, dit is die heel laaste bladsy van daardie bewysstuk onder die opskrif "Weekend 22/23 9.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is bladsy 9.

MNR. JACOBS : Ek is jammer dat ek gesê het 7, maar 7 is die gedrukte nommer wat hier op "Sheet 2" verskyn. Het u dit daar onder die opskrif "Weekend 22/23 9"? -- Ja, ons het dit.

"The funeral of Joseph Sithole was held on Sunday 23rd. Sithole who was a member of the Vaal Youth Congress died in Sebokeng in the Sebokeng Hospital after allegedly being beaten up by shopkeepers when he was sent shopping by his family on a Sunday morning. He was wearing a RMC Release Mandela Campaign T-shirt which was ripped off him. He was the sole breadwinner of his family." Hier word dit self ook bevestig dat daar ŉ Vaal Youth Congress bestaan het waarvan mnr. Sithole ŉ lid was? -- Ek weet niks van wat in hierdie dokument bevat is nie.

Was u bewus daarvan dat daar in Bophelong ŉ Youth Congress bestaan het? -- Ek het daarvan bewus geword dat daar wel ŉ Youth Association was, maar wanneer dit was, is ek nie seker nie. Dit kan wees dat dit in 1984 was dat ek eers daarvan bewus geword het, maar ek kan nie met sekerheid sê nie.

Kom ons dit net ŉ bietjie verder vat. Hoe het jy in - moontlik 1984 daarvan bewus geword? -- Dit sê ek omdat ek vergaderings in 1984 gehou het en dit is voor ek daarvan bewus geword het of gehoor het dat daar ŉ jeugorganisasie te Bophelong bestaan het.

Maar jy antwoord nog nie my vraag nie. Ek vra hoe het u bewus geword moontlik in 1984 van die bestaan van so ŉ organisasie? -- In daardie tyd na alles nou tot stilstand gekom het dat daar niks gedoen was met die oog op die stigting van die jeugdiges se organisasie nie, het ek toe daarvan

gehoor/...

gehoor dat daar 'n organisasie was van jeugdiges te Bophelong.

Maar waar en hoe het u dit gehoor? Het u na Bophelong toe gegaan en dit daar uitgevind of hoe het u dit gehoor? -- Ek kan nie meer onthou nie, behalwe dat ek kan sê ek het daarvan bewus geword.

Jy het die vergadering wat gereël was deur die VCA op 27 November 1983 bygewoon. Is dit reg? -- Nee, ek het glad nie 'n vergadering van die VCA bygewoon wat op 27 November gehou was nie.

Het jy in November 'n vergadering van VCA, 'n openbare vergadering bygewoon? Jy sien, ek sal vir jou die kennisgewing van daardie vergadering wys. Dit is BEWYSSTUK AN15.8. Sien jy daardie kennisgewing? -- Kan ek dit deurkyk?

Ja, kyk dit deur.

MR BIZOS : My lord, whilst the witness is looking at that document, may I just place on record that the description of the previous exhibit referred to Mr Jacobs of AN8 as a UDF document is not admitted nor proved to be that. It was found at the UDF office, but I do not want .. (Court intervenes)

COURT : You need not place it on record. It is on record. I looked it up. The admission is the document was found in the UDF office. Full stop.

MNR. JACOBS : Is u deur die dokument? -- Ja, ek het gekyk.

En ek wil dit aan u stel u hierdie vergadering bygewoon? -- Ek was nie by hierdie vergadering gewees nie.

Het jy kennis gedra van 'n jeugorganisasie wat bestaan het in Boipatong? -- Ja, ek het daarvan geweet.

Wanneer het jy daardie kennis opgedoen? -- Dit was gedurende 1984 gewees.

Wat/...

Wat het hierdie organisasie gedoen dat jy kennis van hom opgedoen het? -- Ek het gehoor daarvan dat daar 'n organisasie was van die jeugdiges in Bophelong.

Wat van Boipatong? Dit is waaroor ek jou gevra het? -- Nee, ek het geen kennis daarvan gemaak dat daar ooit 'n organisasie van die jeugdiges was in Boipatong nie.

Het hierdie werksgroep ooit probeer om die mense van Boipatong en Bophelong en Sharpeville te betrek in die stigting van 'n jeugorganisasie? -- Ek het nie 'n vergadering bygewoon waar dit genoem was dat daar gepoog gaan word om daardie mense van die areas daar te kry nie.

Ek vra nie of daar so 'n vergadering gewees het nie. Die doel was om vir die hele Vaal 'n jeugorganisasie te stig. Nou vra ek vir jou, het hierdie werksgroep van julle ooit stappe geneem om Boipatong, Sharpeville en Bophelong te betrek in die stigting van 'n jeugorganisasie? -- Nee.

Ek gaan dan terug na die aksiekomitee toe, die aksiekomitee Vaal Action Committee. Het jy dit? Is dit korrek dat die afgevaardigdes van die Vaal Action Committee het gegaan na UDF toe om van hulle raad te kry omtrent die stigting van 'n siviele organisasie, gemeenskapsorganisasie? -- Die Action Committee het nog nie na UDF toe gegaan om daar raad te gaan vra nie.

HOF : Waarom sê u nog nie? -- Ek bedoel die komitee het nie UDF genader om dit te vra nie.

MNR. JACOBS : En is dit nie reg dat hierdie aksiekomitee het ook gegaan na die Soweto Civic Association om van hulle hulp te kry van hoe om 'n gemeenskapsorganisasie in die VAal tot stand te bring nie? -- Ek onthou nie dat die Vaal Action Committee dit gedoen het nie.

Is/...

Is Esau Raditsela en Edith Lethlake nie na Soweto toe om dr. Motlana te gaan sien nie? -- Ek onthou dat 'n versoek aan Edith Lethlake gerig was dat sy persone moet sien. Ek is net nie seker of dit nou dr. Motlana was wat sy moes gesien het of Reverend Frank Chikane nie, maar ek weet daarvan dat sy iemand moes gesien het.

In verband met die stigting van VCA? -- Nee, die persone moes sy gaan sien het in verband daarmee dat sy hulle moet nooi om die stigtingsvergadering van VCA te kom toespreek.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MAXALA SIMON VILAKAZI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Is dit ook korrek dat hulp is van die UDF en die UDF geaffilieerdes gekry met die advertering en bekendmaking van hierdie vergadering waarop die VCA tot stand sou kom? -- Ek weet nie daarvan dat UDF genader was en in kennis gestel is van die stigting van hierdie organisasie nie.

Moes UDF en sy geaffilieerde MARS nie help met die maak van plakkate en pamflette vir julle nie? -- UDF het nie daarmee gehelp nie. Dit is met betrekking tot die plakkate en die pamflette.

En MARS? Medium and Research Services dink ek is dit. -- Ek weet daarvan dat ons MARS genader het om te gaan vra vir hulp omtrent die pamflette.

Op daardie stadium het julle ook geen fondse gehad nie en daardie mense moes ook betaal vir die kostes van plakkate en pamflette? -- Ons het geld bymekaar gemaak, "contributions" om die koste te kan dek by MARS. Ek weet net nie hoeveel die bedrag was nie.

Het julle dit betaal? -- Ja, die geld wat ons bymekaar

gebring/...

gebring het, was soontoe geneem.

En het dit betaal vir al die plakkate en pamflette wat julle gebruik het? -- Die plakkate was nie deur MARS gemaak nie.

Het die geld wat julle bymekaar gemaak het betaal vir al die pamflette en vir al die plakkate? -- Die kontribusies wat ons gemaak het was gebruik om te betaal daarvoor.

HOF : Maar wat die advokaat eintlik bedoel en nie sê nie is was die geld voldoende om die koste te dek? -- Ja, dit was genoeg.

MNR. JACOBS : Is dit reg dat die doel waarvoor die Vaal Civic Association tot stand moes kom was om die mense te organiseer en te verenig? -- Die doel van die stigting van hierdie organisasie van die VCA was omdat daar probleme was vir die inwoners en dus sou hierdie organisasie namens die inwoners onderhandel met die outoriteite.

Maar antwoord nou ook net my vraag. Was een van die doele dan gewees om die inwoners te verenig? -- Ja, dit was om die inwoners te verenig.

En om hulle te verenig teen die regering en regerings-instellings soos swart plaaslike besture? -- Nee, die doel van hierdie organisasie was om te werk met hierdie outoriteite en namens die inwoners op te tree.

En dat hierdie inwoners moes optree ook teen hierdie outoriteite? -- Wat bedoel u teen die outoriteite?

Teen die outoriteite moes optree? Met ander woorde, moes ontslae raak van die outoriteite? -- Wat ek van weet is dat die raadslede se pligte wat hulle daar moes gedoen het en dinge wat hulle aangevang het, was nie deur die gemeenskap aanvaar nie.

En/...

En dit was die doel dan gewees om ontslae te raak van daardie raadslede wat nie aanvaarbaar was vir julle nie? -- Ek weet nie of dit nou die doel was om ontslae te raak van hulle nie.

Moes hulle gebly het? -- Wat ek weet is dat op 'n stadium was dit duidelik gewees dat dit nodig sal wees om hulle te versoek dat hulle moet bedank.

Was dit nie ook belangrik gewees om aan die mense dan oor te dra en 'n doel van hierdie organisasie wat julle wou stig, hierdie VCA om aan die mense op te dra en oor te dra dat hulle nie moet stem in die verkiesing in November 1983 nie? -- Ek is daarvan dat daar iets gesê was daaromtrent dat daar nie deelgeneem moet word aan die verkiesings nie.

En dit was 'n doel gewees van die aksiekomitee met die stigting van VCA sodat daardie organisasie die leiding kan neem om die mense in te lig en voor te berei om nie deel te neem aan die verkiesing nie en om ontslae te raak van daardie hele stelsel? -- Die Action Committee het daar bestaan met die oog daarop om die VCA te laat stig met die oog daarop dat die VCA in die inwoners se probleme kan optree.

En ook die inwoners te kan oorreed om nie die swart plaaslike besture te aanvaar nie en nie vir hulle te stem nie? -- Dit was nie by die Action Committee bespreek nie dat die gemeenskap oorreed sal moet word om nie deel te neem nie.

Was dit nooit 'n deel van die beplanning van die aksiekomitee dat die gemeenskap nie moet deelneem aan die verkiesing nie? -- Nee, dit alles sou later bespreek word na die stigting van die organisasie. Wat op daardie oomblik van belang was, was die stigting van die komitee.

Ek/...

Ek wil dit aan jou stel, dit was ŉ deel van julle beplanning en daarom het julle spesifieke sprekers gaan uitnooi en bespreek watter sprekers om uit te nooi na die stigtingsvergadering toe? -- Die rede vir sekere sprekers wat daar teenwoordig moes gewees het was omdat daardie persone bekend was as mense wat deelgeneem het aan die organisasies van die inwoners waar hulle woon of hulle was mense wat bekend was met ŉ ondervinding van wat gedoen word in ŉ gemeenskap.

Is dit nie so nie dat hulle was mense wat beskou was as baie ondervinding te gehad het oor die betekenis van swart plaaslike besture? -- Nee, hulle was genooi daar om teenwoordig te wees omdat dit ŉ bekende feit was dat hulle kennis het van die werk wat te doene het met die inwoners.

K1155 HOF : Waarom het julle dan nie die bekendste raadslid van Sebokeng genooi om julle toe te spreek nie? -- Nee, maar dit sou mos nie gewerk het dat ons iemand gaan nooi wat ons wel van weet dat hy die oorsaak is wat die mense se probleme veroorsaak, dat daardie persoon weer dieselfde mense vir wie hy probleme veroorsaak het moet gaan toespreek. Dit is my eie opinie.

MNR. JACOBS : En ek wil dit verder aan u stel dat die aksiekomitee het besluit oor die sprekers wat hulle genader het sodat daardie sprekers vir die mense kan sê hoekom moet hulle die swart besture verwerp en nie aanhang nie? -- Die aksiekomitee het besluit op die sprekers omdat dit ŉ bekende feit was dat hulle lank gedien het in die hoedanigheid van die inwoners se probleme en hulle is mense wat goed bekend is wat daarmee te doene gehad het.

En dit was ook belangrik dat hierdie mense moet wees van UDF en UDF geaffilieerdes? -- Nee, die mense was nie

op/...

op besluit as sprekers daar omdat hulle lede was van UDF nie of lede was van die geaffilieerdes van UDF nie. Hulle was genooi gewees omdat hulle bekend was dat hulle as leiers gedien het in die gemeenskap en hulle word beskou as sulks, met die gevolg dat toe op hulle besluit is.

Was hulle almal wel verbonde aan UDF Transvaal se uitvoerende bestuur? -- Ek weet nie wat hulle in die UDF was en of hulle enigiets te doene gehad het met UDF en of hulle enigiets te doene gehad het met die geaffilieerdes van die UDF nie.

WAs dr. Motlana verbonde aan die UDF Transvaal se bestuur? -- Ek het hom geken as ŉ leier van die Soweto Civic Association. Ek het daarvan geweet dat hy iewers in die UDF betrokke is, maar as wat weet ek nie.

Eerwaarde Frank Chikane, hy was een wat julle op besluit het om te nooi. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Hy was verbonde aan die bestuur van UDF Transvaal. Is dit reg? -- Ek het geweet daarvan dat hy iets te doene gehad het met UDF. As wat het ek nie geweet nie, maar toe ons hom genooi het daar, wat ek wel van bewus was is dat hy al by KRO gedien het.

HOF : Wat is KRO? -- Krugersdorp - Khagiso Residents Organisation as ek reg onthou.

MNR. JACOBS : Die derde spreker wat julle op besluit het, was dit mnr. Elliot Shabangu? -- Nee, daar was nie ŉ besluit geneem oor Elliot Shabangu nie.

Wie was die derde spreker waaroor julle besluit het? -- Mnr. Nkondo.

Watter Nkondo? Curtis Nkondo? -- Ja, dit is so.

Was hy verbonde aan UDF? -- Hy was aan my bekend as

ŉ/...

h persoon wat te doene gehad het met die organisasie van onderwys.

En die jeug? -- Nee, ek het niks geweet van die jeug nie.

Was hy ook verbonde aan UDF? Het jy dit geweet? -- Ek is nie seker of ek al destyds daarvan geweet het nie. Ek dink amper so, ek is nie seker nie.

En is dit reg dat die meeste lede van hierdie aksie-komitee is verkies op die VCA lateraan? -- Nee, dit is nie so nie.

Het julle nie in hierdie aksiekomitee besluit wie moet verkiesbaar wees vir verkiesing op die bestuur van VCA nie? -- Ons het wel besluit oor sekere mense as betroubare mense wat in staat sal wees om sekere pligte te kan uitvoer, dit wil sê vanaf die Action Committee.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Is dit bedoel dat daar gesê is mnr. so en so is nou geskik byvoorbeeld as tesourier, ons moet hom voorstel op die komitee? -- Ek kan nie meer presies onthou of ons besluit het in watter poste hulle aanbeveel sal word nie, maar wat ons wel gesê het is dat daar sekere mense is wat ons gaan voorstel dat hulle daar as kandidate moet staan op die verkiesings.

Dit is nou vir die bestuur van die VCA? -- Dit is so, ja.

MNR. JACOBS : En hierdie mense waaroor julle besin het wat nou so moes verkies word op die VCA en wat nou betroubaar is, is sodat hulle julle idees wat julle gehad het moes uitdra aan die VCA? -- Nee, die mense was eintlik daar bespreek met die oog daarop dat hulle betroubaar was om die inwoners of die gemeenskap se probleme te kan oordra aan die outoriteite.

HOF/...

HOF : As u praat van oordra aan die outoriteite, wie bedoel u met die outoriteite? -- As ek van outoriteite praat, praat ek van die mense wat in beheer is van Sebokeng.

Wie is dit? -- Die administrasieraad en die raadslede.

MNR. JACOBS : Jy sien, ek wil dit aan jou stel, die hele idee van die VCA was om die mense in te lig van hoe dat die wet op swart plaaslike besture en ander aangeleenthede hulle sou beïnvloed en om die raadslede te verwerp? -- Ek weet nie of VCA so besluit het nie.

En dit was ꞌn gedagte wat uitgekom het al uit die aksiekomitee uit? -- Nee, ek het hier vir die hof gesê dat die aksiekomitee was net daar gewees vir die stigting van die inwoners se organisasie en nie dat die aksiekomitee vir die VCA moet sê wat gedoen moet word nie, want onmiddellik na die bestaan en die stigting van die VCA, is die aksiekomitee toe klaar gemaak.

Ek wil u verwys net ter ondersteuning van wat ek aan jou stel na die bewysstuk wat ek netnou aan jou getoon het, BEWYSSTUK AN15.8. Dit is die heel laaste bladsy en ek wil vir jou lees daar in die middel. Daar staan "Do not vote is our call" en dan daaronder "Support the civic association with your advice. It needs you." Die volgende "Attend the civic association meetings and hear how the black local authorities act will affect your lives. It is a lie that municipal status would be better." Dan onder daardie "Vaal Civic Association", die vierde een daar "Condemns the community councils as puppet bodies." So, in die eerste instansie wil ek dan aan jou stel dat dit duidelik is dat die doel was om die massas, die inwoners te beïnvloed om ꞌn sekere standpunt in te neem ten aansien van swart plaaslike

besture/...

besture? -- Wat moet ek nou verstaan? Waar sê u waarvandaan kom hierdie pamflet? Wie is die skrywer hiervan?

HOF : Heel onder kan u lees "Issued by the Vaal Civic Association." -- Ek was 'n lid van die Action Committee gewees.

Wel, laat ons nou net die ding kortsny. Die advokaat se standpunt is dat aan die hand van hierdie kennisgewing van 27 November dit duidelik blyk dat die primêre doel van die VCA was om die mense op te werk teen die swart plaaslike besture? -- My kommentaar daarop as dit bevat word in daardie dokument soos dit aan my gestel word, is dat dit het beteken dit is omdat die mense besef het dat wie ook al dit is wat namens die gemeenskap moet optree daar nie die mag het om namens die gemeenskap op te tree soos dit verwag word nie.

MNR. JACOBS : En verder was jou antwoord aan die hof netnou dat die VCA met die outoriteite synde die raad en die raadslede moes onderhandel, is nie korrek nie? -- Wat ek gesê het is dat die Action Committee se bedoeling met die stigting van die VCA was dat die VCA gaan "liaise" met die gemeenskap en die outoriteite.

HOF : Skakel? -- Skakel, ja.

MNR. JACOBS : Is dit korrek so dat u was nie van die uitgesoekte groepie wat verkies kon word op die bestuur van VCA nie? -- Dit is so.

Was dit omdat jy 'n ander baie belangrike plig gehad het en dit was met die organisering van die jeug? -- Nee, eintlik my siening van die hele ding was dat ek meer belang gestel het in die jeugdiges se organisasie. Al het hulle my gekies om as 'n kandidaat te gaan staan vir die VCA, sou ek dit nie aanvaar het nie.

En/...

En was dit daar bespreek gewees dat jy stel jou nie verkiesbaar om op die VCA te dien nie, want jy het ƞ baie belangrike plig om die jeug te organiseer en die jeugorganisasie? -- Daar was geen melding daarvan gemaak dat daar ƞ moontlikheid bestaan het dat ek op die VCA gekies kan word nie, want selfs op die 18de toe ons daar bymekaar was het hulle daarvan geweet dat ek meer belang gestel het in die organisasie van die jeugdiges.

HOF : Die 18de is nou 18 Junie 1983? -- Ja.

MNR. JACOBS : Nou maar ek praat nie van 18 Junie nie, ek praat toe julle nou besluit het sekere mense moet verkiesbaar wees om gekies te wees op VCA en sekeres nie. Het jy daar gesê dat jy is nie verkiesbaar nie omdat jy het ƞ belangrike taak te doen met die organisering van die jeug? -- Nee, ek het dit nie aan hulle gesê nie.

Is dit nie dat beskuldigde nr. 5 ook in dieselfde posisie was dat hy was nie beskikbaar om verkies te word op die VCA nie, omdat hy die jeug moes organiseer? -- Dit is so.

Is dit ook so dat op hierdie koukus vergadering toe julle bespreek het wie moes verkies word op die VCA is ook besluit dat Lord McCamel moet gekies word op die VCA omdat hy ƞ kerkman is en ƞ aanhang in die woongebied het? -- Nee, ek kan nie onthou dat ons dit by hierdie vergadering bespreek het nie, maar wat ek wel kan onthou wat gesê was oor Lord McCamel was dat hy gevra sal word om as ƞ voorsitter op te tree by hierdie vergadering van die verkiesing, nie dat hy self op die raad gekies moet word nie.

Het julle nie dan ook besluit wie moes die voorsitter wees van die VCA nie? -- Ek onthou nie dat ons so ƞ besluit geneem het nie.

Dit is moontlik, maar jy onthou dit nie? -- Nee, om spesifiek te wees kan ek sê ons het nie besluit wie die voorsitter gaan wees nie.

Die rede hoekom jy en beskuldigde nr.5 die jeug moes organiseer is omdat dit baie belangrik is om die jong mense te betrek in die stryd teen die regering en die outoriteite wat gestel is deur die regering? -- Dit is nie so nie.

Is dit so dat jy en beskuldigde nr. 5 om dit saam te vat het ʼn leidende rol gespeel op die gebied om die jeug te organiseer in ʼn organisasie in die Vaal? -- Ek verstaan nie hoekom u sê dat ons ʼn leidende rol gespeel het nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek en nr. 5 was ook van die persone wat eintlik aanmoediging gehad het met die stigting van hierdie jeugdiges se organisasie.

Julle het leiersrolle gespeel in daardie opsig? -- Ek weet nie van beskuldigde nr. 5 nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek en die ander mense saam met wie ek gewerk het, in die organisering vir die stigting van hierdie organisasie, was aangemoedig gewees.

HOF : Deur wie? -- Die manier waarop ons gedink het hoe die organisasie moet wees en die manier waarop ons fluks was met die stigting, is hoekom ek sê dat ons deur dit aangemoedig was.

Ek weet nie waarom u so sukkel nie. In elke beweging is daar leiersfigure en is daar volgelinge. Was u een van die leiersfigure of was u een van die volgelinge? -- Ek was een van die leiers.

En beskuldigde nr. 5? -- Hy was ʼn leier by sy area.

Nou ja, maar dit is al wat die advokaat u gevra het ʼn hele tydjie gelede. -- Ek het miskien nie die vraag goed

verstaan/...

verstaan nie.

MNR. JACOBS : En is dit ook korrek dat uself het ŉ leidende rol - was een van die leiersfigure in die organisering van die tot stand koming van die VCA? -- Ek is een van die mense wat hard gewerk het vir die stigting van die VCA as dit is wat u bedoel met die leidende rol, maar as u nou praat van ŉ leidende rol in die sin dat ek miskien nou ŉ voorsitter was of ŉ pos beklee het in die komitee wat daarvoor gewerk het, dan is dit nie die posisie nie.

En is dit reg dat beskuldgide nr. 5 het ook ŉ leidende aandeel gespeel in die tot stand koming van die VCA? -- Hy het net soos ek gewerk.

En die man wat werklik hard gewerk het daarso en die groot verantwoordelikheid en leiding geneem het was Esau Raditsela? -- Nee, dit is nie so nie. Hy het net soos ons gewerk.

En beskuldigde nr. 22 was ook ŉ leidende figuur in hierdie aksiekomitee wat gewerk het vir die tot stand koming van VCA? -- Nee, ek stem nie saam nie, want hy het nie dieselfde werk gedoen soos ons nie. Met sy aankoms daar het ons alreeds ŉ groot gedeelte van die werk uitgevoer.

Is dit nie so dat hy self op ŉ vergadering na bewering wat gehou was deur UDF of waar UDF sprekers was voor die stigting van VCA toe hulle gevra het dat julle moes affilieer by die UDF dat hy dit op hom geneem het om te sê hoekom kon julle nie op daardie stadium affilieer nie? -- Herhaal daardie vraag? Ek verstaan nie die vraag nie.

Kom ek vra jou so, het jy ŉ vergadering bygewoon wat toegespreek was deur beskuldigde nr. 19? -- Ja, ek het.

En op daardie vergadering was Esau Raditsela ook

gewees/...

gewees en ook beskuldigde nr. 22? -- Ek kan nie van Esau onthou nie. Ek onthou wel van beskuldigde nr. 22.

Was dit daar op daardie vergadering gevra dat die VCA moet affilieer by UDF - dat die aksiekomitee moet affilieer by UDF? -- Ja, dit was.

Is dit so dat beskuldigde nr. 22 toe die persoon is wat geantwoord het op daardie versoek? -- Ja, dit is so.

Is dit ook so dat beskuldigde nr. 22 het deelgeneem aan die besprekings oor wie leiers of wie op die bestuur van UDF verkies moet word? Nie UDF nie, VCA, ekskuus? -- Ek weet nie of hy teenwoordig was nie.

En dat hy ook deelgeneem het aan die bespreking en beplanning vir die stigting van die UDF, die vergadering wat gehou moes word op 9 Oktober .. (Hof kom tussenbei)

HOF : Praat u van UDF?

MNR. JACOBS : Ekskuus van VCA op 9 Oktober 1983? -- Was dit nou met die voorbereidings vir die stigting van VCA?

Ja? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar as ek reg is, lyk dit vir my of hy daar was.

Moes beskuldigde nr. 22 nie help met die verkryging van die bestuur, van die sprekers vanaf of wat daarso moes verskyn en wat moes praat op die stigtingsvergadering nie? -- Ek onthou van Edith as ŉ persoon wat gestuur was.

Was sy alleen gestuur? -- By die vergadering waar ek teenwoordig was waar hierdie aangeleentheid bespreek is, was die volgende gesê dat aangesien Edith in die stad werk, is sy die persoon wat in staat sal wees om die sprekers te kan sien wat ons alreeds bespreek het.

Antwoord nou maar net my vraag. Ek weet nie hoekom ontwyk jy hom nie. Was sy alleen afgevaardig om dit te

doen/...

doen? -- As ek reg is, was hulle twee.

Wie is die ander een? -- Ek onthou nie die tweede persoon nie.

Is dit ook korrek dat daar het publikasies van UDF af gekom wat julle moes gebruik op die dag wanneer die vergadering gehou word om uit te deel, publikasies soos UDF News, Speak, SASPU National? -- Wat ek van weet is dat SASPU National daar by die vergadering verkoop was.

Wie het hulle gebring na die vergadering toe na die aksiekomitee voor die tyd dat hulle moes verkoop word op daardie vergadering? -- Ek weet nie daarvan dat dit by die aksiekomitee gebring was nie. Ek het net gesien dat dit daar beskikbaar was en te koop is.

Ek dink die naam is Sahluko. Ken u die persoon? -- Ek ken nie so 'n persoon nie.

Ek sal die naam kry en dan sal ek later terugkom daarmee na jou toe. Was daar ook UDF News beskikbaar op daardie dag? -- Ek het dit nie gesien nie.

Was daar ander publikasies van Speak en ander organisasies beskikbaar? -- Ek het net die SASPU National gesien.

Wie het gereël dat dit sal verkoop word op julle vergadering? -- Ek weet nie.

Het julle 'n deel van die opbrengs gekry as dit verkoop word op julle vergadering? -- Ek weet nie eers wie die goed daar gebring het nie. Hoe sou ek dan verwag het om nog iets te kry, 'n byt te kry van die verkoopsbedrag nie.

Is daar 'n persoon met die naam van Thembekile? -- Ja, daar is 'n persoon wat aan my bekend is wat ingebied 3 gewoon het met die naam van Thembekile.

En sy van? -- As ek reg onthou is sy van Siyahluko.

HOF/...

HOF : Ons het hom vantevore gehad as Sahluko? -- Dit is miskien ek wat nie sy van goed ken nie.

MNR. JACOBS : Was hy deel van die aksiekomitee gewees wat gewerk het vir die stigting van VCA? -- Ja, as ek reg onthou het hy opgedaag daar want hy is die persoon wat ons gevra het om reëlings te gaan tref met die opmaak van die pamflette namens ons.

So, hy was lid van die aksiekomitee ook? -- Ja, ek sal sê tydens die maak van hierdie pamflette vir die advertering van die vergadering was hy ꞌn lid gewees.

Is dit nie so dat hy en beskuldigde nr. 22 was die mense wat toe moes pamflette en UDF News en ander dokumente kry by UDF wat julle moes versprei op die stigtingsvergadering nie? -- Dit is nie so nie.

Jy sien, ek wil net aangaan, ek wil dit aan u stel dat die organisering van die jeug was gewees met die doel dat hulle moes verenig in die woongebiede en op ꞌn landswye basis om deel te neem aan die vryheidstryd? -- Daar is nie so iets wat so gereël was nie.

En dat ook die inwoners van die woongebiede moes georganiseer word, dit was die doelstelling, om te verenig in woongebiede en op ꞌn landswye basis om tot aktiewe aksie oor te gaan teen swart plaaslike besture en die regering in die algemeen? -- Is dit wat u sê voorberei deur die jeugdiges?

Nee, dit is in die algemeen ook die voorbereiding en organisering vir "civics", burgerlike gemeenskapsorganisasies. Dit is in ooreenstemming met ꞌn plan om die mense in die woongebiede te organiseer dat hulle moet verenig in aksie en ook hulle op ꞌn landswye basis moet verenig in aksie?

Nee/...

-- Nee, dit is nie so nie. Ek het alreeds vir die hof hier gesê wat die doel was van die stigting van die "civics" by die area waar ek woon.

In hierdie handelinge, hierdie taak wat aangepak is om die jeug op h landswye basis en op lokale vlak te organiseer in h organisasie soos die "youth congresses", is in ooreenstemming met die beleid van die ANC dat die jeug as sulks georganiseer moet word? -- Daar is nie so iets nie.

En dat hulle moes so verenig word om deel te neem aan die vryheidstryd teen die staat en staatsinstellings? -- Ek weet niks daarvan nie.

Het jy nog nooit so iets gelees van die ANC nie? -- Dit kan wees dat ek in die koerante daarvan gelees het. Ek kan nie eers onthou dat ek van so iets gelees het nie.

Goed, ons gaan net h bietjie aan. Ek wil dit aan u stel dit is ook in ooreenstemming met die opdrag en die leiding van die ANC dat die burgerlike gemeenskappe in woongebiede verenig moet word in organisasies om oor te gaan tot aktiewe aksie teen swart plaaslike besture en die staat? -- Ek weet niks daarvan dat die ANC so h opdrag gegee het om dit te doen nie.

Nooit so iets gesien nie? -- Ek weet nie of ek dit gesien het nie.

Enige ANC dokumente gelees wat dit sê? -- Ek weet nie of ek so iets gelees het nie.

Het jy al ANC dokumente gelees? Sal ons sê ANC publikasies? -- Ek het al een gesien al het ek dit nie so goed gelees om te verstaan wat die inhoud daarvan was nie.

En is dit ook so dat dit was h opdrag ook van die ANC, volgens ANC beleid dat verkiesings van swart plaaslike

besture/...

besture geboikot moes word in November 1983? -- Ek weet nie of die ANC dit gesê het nie.

Jy het nog nooit iets van die ANC gelees wat so iets sê nie? -- Ek kan nie onthou nie, maar daar is nie iets wat ek gelees het wat dit gesê het nie.

Dit was ook in opdrag en volgens die leiding van die ANC dat swart plaaslike besture onwerkbaar gemaak moes word? -- Nee, ek weet nie.

Het jy nooit so iets gesien nie? -- Ek weet nie of ek dit gesien het nie.

En ek wil dit aan u stel dat u het sulke dinge gesien, u was vertroud met hierdie planne van die ANC en dit is ook waarop die organisasie in die Vaal plaasgevind het om die jeug te organiseer en ook die inwoners te organiseer? -- My betrokkenheid met die stigting van die jeugorganisasie en die stigting van die inwoners se organisasie was omdat ek bewus was van probleme wat bestaan het, nie as gevolg daarvan dat dit die opdrag was van die ANC nie.

En jy was vertroud met die ANC se opdragte en beleid gedurende die tydperk in 1982 en 1983 en 1984? -- Ek het nie geweet van die beleid van die ANC nie. Wat ek wel vir die hof kan sê is dat ek lees in die koerantberigte oor die ANC, wat se organisasie dit is.

En ek wil dit aan u stel hierdie aksiekomitee van julle, op Woensdagaande gereeld het julle by Esau Raditsela se huis het julle geluister na Radio Freedom van die ANC? -- Dit is nie so nie.

Kyk na hierdie dokument en sê vir die hof of u dit ken? -- Ek het al die dokument gesien.

Die dokument wat ek gaan inhandig is 'n bewysstuk, dit

is/...

is 'n Mayibuye "All power to the people" nommer 9 van 1982 "Year of unity in action. Journal of the South African National Congress." Dit sal wees BEWYSSTUK CA21. Die spesifieke dokument wat hier is was in jou besit gevind deur die polisie in 1984? -- Dit is so, ja.

En jy was vir daardie dokument aangekla en skuldig bevind en gevonnis? -- Ja, dit is so.

In die dokument word daar verwys spesifiek na die rol wat die jeug moet speel in die vryheidstryd volgens die ANC? -- Die dokument wat die polisie in my besit gevind het, het ek nie gelees nie. Ek het alreeds gesê ek het dit net gesien en ek het dit nie gelees nie. Ek het wel so 'n bietjie daarvan gelees, maar ek het nie goed verstaan wat die boodskap is wat in hierdie dokument bevat word nie.

Wel, daar is tog 'n boodskap in op die eerste bladsy omtrent die jeug en die organisering van die jeug, 'n onderwerp waarin jy intens belang gestel het? -- As u dit miskien vir my kan lees, sal ek dit dalk onthou.

Nee, ek gaan dit nie vir jou lees nie. Ek is baie jammer. In daardie artikel oor die jeug word daar spesifiek gepraat van hoe dat die jeug georganiseer moet word om deel te neem aan die vryheidstryd? -- Ek weet nie of ek dit nou gelees het in hierdie dokument nie.

Nou weet u skielik nie.

HOF : Dit is CA21.

MNR. JACOBS : Hierdie volgende dokument is ook 'n dokument wat dieselfde tyd in u besit gevind was? Herken u dit? -- Ek kan nie meer onthou of hierdie dokument een van daardie dokumente was wat in my besit gevind was nie.

Is dit reg daar was 'n inventaris uitgemaak wat jy

geteken het? -- Ja, daar was en ek het geteken daarvoor.

En ek stel dit aan u daardie dokument was een van die dokumente wat in jou besit gevind was wat op die inventaris voorkom en wat jy geteken het? -- Ek onthou nie of dit die dokument is of nie. As dit die dokument is, kan ek nie onthou nie.

Die opskrif van hierdie dokument, ek sal hom inhandig as BEWYSSTUK CA22 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat help die dokument my as dit nie bewys word nie?

MNR. JACOBS : Ek sal die inventaris kry waarop die gespesifiseer word.

HOF : Wat is die opskrif?

MNR. JACOBS : "Boycott Boycott Boycott" en dit is ook 'n dokument wat uitgegee is deur die ANC. -- Waar staan dit geskryf dat dit van die ANC af kom?

Ek sal die volgende sin lees onder "Boycott Boycott Boycott. The community council elections. In this year of united action, let us help the call of the African National Congress for action against the community councils. Let us heed the call of the African National Congress for the action against the community councils." -- Ja, ek hoor wat u lees daar.

Kyk net na hierdie dokument. Dit is net om hierdie ding af te handel. Is dit die inventaris wat uitgemaak is en wat u geteken het daar van die dokumente wat in u besit gekry was? -- Dit lyk na die dokument.

Is dit u handtekening wat onder aan daardie dokument verskyn? -- Ja, dit is.

U edele, die dokument is geteken op 17/1/84. Is dit reg? Die datum staan hier onder? Die tweede item wat

hier/...

hier gelys is van die goed wat gekry was by u, is een pamflet "Boycott Boycott Boycott. Boycott the community council elections. Stem u saam? -- Ja.

So, daardie dokument wat ons dan ingehandig het, is een van die dokumente wat in u besit gevind was? -- Dit was in die kamer waar ek slaap.

Het jy daardie dokument gelees? -- Nee, ek het dit nie gelees nie.

Die dokument is in jou besit gevind wat jy daar hou en jy lees dit nie? Moeite doen om dit te hou in jou kamer? -- Die goed het ek sommer so vlugtig deurgekyk. Ek het eintlik vergeet om dit te lees, want ek het ander leesstof gehad.

Is dit nie so nie dat daardie dokumente het jy al sedert 1982 in jou besit gehad? -- Nee, nie van 1982 af nie.

HOF VERDAAG TOT 14h00. HOF HERVAT OM 14h00.

K1156 MAXALA SIMON VILAKAZI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Is dit dan korrek dat gedurende die tydperk toe u georganiseer het vir die vereniging van die jeug in die Vaal, was u in besit van hierdie ANC dokument wat spesifiek betrekking het op die jeug as "The youth is the task force of the people"? -- Dit is nie korrek dat ek hierdie dokument by my gehad het terwyl ek samesprekings uitgevoer het met die jeugdiges nie.

Maar terwyl u georganiseer het oor daardie tydperk was u in besit van hierdie dokument? -- Ja, tydens my organisering was die betrokke dokument daar gewees. Ek het net daarvan vergeet dat ek dit gehad het daardie tyd en wat ek duidelik wil stel hier aan die hof is dat tydens die vind van hierdie dokument in my besit deur hierdie persone, by daardie tyd

was daar niks gewees wat ons met die jeugdiges gedoen het nie.

Ek dog dan u het vir die hof gesê dat in 1984 het u vergaderings gereël en georganiseer vir die jeug? -- Ja, ek het wel so gesê, dat ek wel vergaderings gehou het gedurende die tydperk Mei/April 1984. Dit is lank na hierdie dokumente van my weggeneem was.

En is dit so dat u het ook gesê dat u was nie beskikbaar om op 9 Oktober 1983 verkies te word op VCA nie, omdat u ŉ taak gehad het om die jeug te organiseer? -- Indien ek gesê het dat ek nie by daardie tyd beskikbaar was om gekies te word op die VCA se komitee omdat ek besig was met die organisasie van die jeugdiges, dan het ek ŉ fout gemaak. Wat ek wel onthou ek gesê het is dat ek was nie beskikbaar gewees nie, want my belang was in die jeug gewees, nie in hierdie organisasie nie. Dit beteken nie dat ek besig was om te organiseer nie. Ek het tot gesê indien hulle my gekies het, sou ek dit van die hand gewys het.

Ek wil net een passasie lees uit die eerste kolom van hierdie dokument BEWYSSTUK CA21. Dit is dertien reëls van onder waar dit begin "Secondly", die oproep van die ANC. "Secondly we have to unite all sections of our youth organised within the ANC. That is the working youth, the youth in the MK and the students." Is dit reg dat in die organisasie van die jeug waarmee u besig was, was u besig met die organisasie van die werkende jeug? -- Vir die ANC.

U was besig met die organisering van die werkende jeug? -- Toe ek deelgeneem het aan die organisering van die jeug is omdat ek bewus geword het van ŉ bestaande probleem wat te doene gehad het met die jeugdiges. Indien dit van my

verwag/...

verwag word om dit te verduidelik, sal ek dit doen.

Maar is die getuienis dan nie dat na die COSAS kongres was besluit gewees dat die mense wat nie meer aan COSAS mag behoort nie, wat jong mense is, wat polities georiënteerd is dat hulle nou georganiseer moet word nie, dit is die jong mense wat gewerk het? -- Wat ek gesê het hier was dat die besluit was geneem dat die mense wat nie meer skoliere was nie se lidmaatskap beëindig was en dit is daardie mense wie se lidmaatskap beëindig was daar, wat besluit het op die stigting van hierdie organisasie van die jeugdiges en ek het geen melding daarvan gemaak dat dit mense is wat polities georiënteerd was nie.

Is dit nie ook so dat hierdie hele aksie van die organisering van die jeug in die Vaal het gekom na die landswye ondersoek en nadat aan beskuldigde nr. 5 gerapporteer was dat julle kan nou voortgaan met die stigting van hierdie organisasie nie? -- My getuienis waarvan ek weet is dat ek in die hof gesê het beskuldigde nr. 5 het my gesê van wat besluit was by die kongres en ek het hier vir die hof gesê ek het vir die eerste keer beskikbaar geword na die 18de by die werk van die stigting van die jeugdiges se organisasie.

Het u geweet dat daar op 'n landswye basis georganiseer was gedurende daardie tyd 1983 vir die tot stand koming van "youth congresses"? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

Nooit nie? -- Ek het nog nooit daarvan geweet nie.

Terwyl jy dit nou ontken wil ek jou verwys na 'n dokument, een van die ander dokumente wat in jou besit gevind was. Ek wil u verwys na 'n SASPU National volume 4 nommer 5 van November 1983. Is dit een van die dokumente wat in jou

besit/...

besit gevind was saam met daardie ander wat reeds ingehandig is? -- Hierdie dokument was iewers by my huis gevind, nie by dieselfde plek waar die ander gevind was nie.

Dit is 'n eenvoudige vraag. Was die ding in jou besit gevind? Ja of nee?

MR BIZOS : No, the question was not "ja of nee". It was together with the other documents. The witness qualified it. He is entitled to qualify it.

MNR. JACOBS : Terselfdertyd as die ander dan? -- Die dokument was dieselfde dag gevind tesame met die ander by my huis.

Kyk na bladsy 9 van daardie dokument. Maak hom oop en dan kyk jy na bladsy 9. "Growing power of the youth." Dit is die opskrif. Word daar genoem 'n hele aantal jeug "congresses" of "youth congresses" wat tot stand gekom het? -- Praat u nou hier van die nuwe organisasies wat gestig was? Wanneer en op watter tydstip?

Gedurende 1983? -- Ek weet nie. Dit is miskien omdat ek nie hierdie dokument gelees het nie.

Wil jy vir die hof sê en wil jy nou hê die hof moet glo jy kry hierdie dokument en jy het hom in jou besit en jy lees hom nie? -- Kyk, gedurende daardie tydperk was ek besig om te studeer. Dit is in 1984. Ek het dus nie genoeg tyd gehad om nog ander dinge by te lees nie.

Het jy in 1984 gestudeer en niks anders gedoen nie? -- Ek het hier vir die hof gesê in 1984 het ek deelgeneem aan die werk met die oog op die stigting van die jeugdiges se organisasie.

Toe jy nou vir die hof probeer sê het in 1984 het jy nie belang gestel of aan ander aktiwiteite deelgeneem nie, maar jy het gestudeer, was dit eintlik nie die waarheid

gewees/...

gewees nie.

MR BIZOS : Did the witness say that he did not take part in other activities or because he was studying he did not read this document? Apart from saying that he did not take part in any other activities, he just said that he took part in other activities. What is the basis of him being accused of not telling the truth?

MNR. JACOBS : Soos ek dit verstaan het, het hy nie aan ander aktiwiteite deelgeneem nie, hy het net gestudeer in 1984, volgens sy getuienis.

HOF : Dit is miskien dubbelsinnig.

MNR. JACOBS : Het u deelgeneem aan die organisering van die jeug in 1984? -- Dit is so.

En daardie dokument wat nou aan u oorhandig was, die SASPU National, dit is ŉ dokument wat u bekom het? -- Ja.

Met die oog daarop om dit te lees? -- Net so veel soos die ander wat ek gekry het met die oog daarop om dit te lees, wat ek nie gelees het nie.

Dit is baie eienaardig dat ŉ mens ŉ dokument kry om te lees en jy lees hom nie? -- Ek weet nie. Dit is u siening.

Stem u saam op bladsy 9 van daardie dokument is daar etlike "youth congresses" genoem wat tot stand gekom het? -- Ja, ek stem saam met u dat ek dit sien dat dit daar geskryf staan.

U edele, ek vra dat die dokument ingehandig word as BEWYSSTUK CA24. Gedurende die bestaan van die Vaal Action Committee, is dit reg dat besprekings was gevoer oor die pamflette wat uitgegee moet word, dat dit ŉ sekere boodskap moes uitdra? -- ŉ Boodskap wat bevat moes word in daardie dokumente?

Ja/...

Ja, dat 'n sekere boodskap aan die gehoor oorgedra word.

Is dit bespreek? -- Ek weet nie, maar daar was iets geskryf oor die organisasie van die inwoners wat gestig gaan word. Ek weet nie of u dit miskien in gedagte het met die vraag nie.

Is daar nie besluit dat die pamflette wat uitgereik moes word vir die stigting van VCA moet die boodskap uitdra aan die gehoor dat julle nee sê vir hoë huur nie? -- Ek kan nie onthou nie. Dit kan wees.

En julle wat van die aksiekomitee is sê ook nee vir die rade? -- Ek onthou nie.

Of gemeenskapsrade? -- Ek onthou nie.

Het julle die pamflette bespreek wat julle wil uitgee wat die advertensie moes doen vir die stigting van VCA? -- Ja, ons het dit bespreek wat alles geskryf moet word en hoe dit gedoen moet word op hierdie pamflette al kan ek nie nou onthou wat dit was nie.

Jy sien, want beskuldigde nr. 5 het so getuig dat daar besluit was dat hierdie pamflette moet die boodskap uitdra van nee vir hoë huur en nee vir gemeenskapsrade? -- Indien hy dit gesê het, dit is nie dat ek sê dit is nie so nie. My antwoord is ek kan nie meer onthou nie.

Kan u onthou in hierdie Vaal aksiekomitee se koukus vergadering of julle besluit het dat spesifieke resolusies daar geformuleer word wat dan op die stigtingsvergadering aan die gehoor voorgelê moes word? -- Ja, ons het sekere dinge bespreek, byvoorbeeld dat ons gesê het met die stigting van daardie organisasie, sal ons daardie vergadering vra om sekere resolusies te aanvaar.

Het julle hierdie resolusies op skrif gestel? --

As/...

As ek reg onthou, ja.

Was hulle op die vergadering toe voorgestel as resolusies afkomstig van die Vaal Action Committee? -- Die resolusies wat voorgestel was deur die aksiekomitee was bekende resolusies gewees in hierdie sin dat dit alreeds voorgestel was deur ander mense wat by hierdie stigtingsvergadering teenwoordig was. Dit wil sê dit was alreeds bekende resolusies gewees.

Ek het vir u 'n eenvoudige vraag gevra. Was die resolusies van die aksiekomitee op skrif gestel en was hulle voorgelê aan die vergadering van 9 Oktober 1983? -- Ja, dit is wat gebeur het.

Wie het hulle afgelees op die vergadering as resolusies afkomstig vanaf die aksiekomitee? -- Thabiso, beskuldigde nr. 22, is die persoon wat die resolusies gelees het.

HOF : Dit is nou op die stigtingsvergadering? -- Ja.

MNR. JACOBS : Spesifiek die resolusies van die aksiekomitee? -- Ek kan my nie voorstel of onthou of hy die resolusies spesifiek apart gelees het as resolusies afkomstig van die aksiekomitee en of hy dit tesame gelees het met die ander resolusies van daardie vergadering nie.

En op die vergadering was julle aksiekomitee se resolusies aanvaar? -- Ja, dit was aanvaar.

Ek wil net hê jy moet kyk na BEWYSSTUK AN13 en vir ons sê watter resolusies spesifiek aanvaar is afkomstig van die aksiekomitee? Ek wil dit net meld dat AN13 is die resolusies van die Vaal Civic Association wat aanvaar was op die stigtingsvergadering van hierdie organisasie. -- Kyk, volgens ehierdie resolusies wat ek hier gelees het sal ek net aan u noem die resolusies wat ek dink is moontlik die resolusies. Ek sê

nie/...

nie dit is nie. Ek kan nie meer onthou of dit nou die resolusies was nie. Dit is wat ek dink dit was.

Ek wil nie hê jy moet raai nie. Ek wil net weet watter resolusies is hier wat aanvaar is wat julle voorgestel het, wat julle bespreek het. As jy nie kan sê nie, dan sê jy vir die hof jy kan nie sê nie, maar ek wil nie ŉ raaiery hê nie. -- Die enigste een wat ek dink wat moontlik die een kan wees van die resolusies is die een wat lees "Demand decent housing and security for all."

En dit is ook ŉ raai net? Jy kan nie vir die hof sê dit is so nie? -- Weet u wat my probleem is. My probleem is dat van die resolusies wat eintlik voorgestel was deur die aksiekomitee is weer deur die mense in daardie vergadering voorgestel aan die vergadering self om aanvaar te word as resolusies. Dit is wat dit moeilik maak vir my om spesifiek te kan sê hierdie een ken ek as ŉ resolusie wat voorgestel was deur die aksiekomitee.

Kan u vir die hof sê, enige van daardie resolusies wat daar staan erken u as wat u bespreek het en op besluit het in die aksiekomitee? -- Ek sal nie meer in staat kan wees om dit te sê nie.

Op hierdie vergadering van 9 Oktober 1983, was daar drie hoof gassprekers. Is dit reg? -- Ja, daar was gassprekers gewees.

Drie van hulle wat hoofgassprekers was wat van Johannesburg af gekom het? -- My antwoord is, daar was drie gassprekers gewees afkomstig van Johannesburg.

Was daar ander gassprekers behalwe hierdie drie van Johannesburg af? -- Wat ek wel onthou is dat daar was wel ander sprekers gewees, behalwe die drie waarvan ek gepraat

het/...

het. Ek is net nie meer in staat om vir die hof hier te kan sê of dit nou gassprekers was wat genooi is om daar toesprake te kom lewer of wat die posisie is nie.

Kom ons maak dit maklik vir jou. Was mnr. Kabi van Evaton Ratepayers Association ŉ genooide spreker wat julle as aksiekomitee genooi het om ŉ spreker daar te wees? -- Ek onthou nie dat ons vir mnr. Kabi daar genooi het as ŉ gasspreker om deel te neem in hierdie vergadering nie.

Behalwe die drie sprekers van Johannesburg af, het julle enige ander sprekers bespreek van die aksiekomitee wat julle wou nooi om op die stigtingsvergadering van VCA die mense toe te spreek? -- Wat die sprekers aanbetref onthou ek net van die drie wat ek alreeds genoem het. Ek kan nie sê of daar nog ander was wat ons genooi het nie, omdat ek nie kan onthou nie. Verder onthou ek van die voorsitter, mnr. Lord McCamel wat ons daar genooi het met ŉ spesifieke doel dat hy by hierdie vergadering as ŉ voorsitter moet kom optree.

Hierdie gassprekers wat julle genooi het om mense toe te spreek, het hulle daar aldrie van hulle dit aan die gehoor oorgedra dat die gehoor, die mense van die Vaal, moet nie deelneem aan die verkiesing van raadslede op die einde van November 1983 nie? -- As ek reg onthou, een van die sprekers het in die toespraak daaroor gehandel.

Net een of al drie? -- Ek weet nie of dit al drie van hulle was nie. Dit kan wees dat twee van die drie daaroor in die toesprake gehandel het. Ek kan dit so stel dat ek onthou van die twee wat daaroor gehandel het.

Watter twee het daaroor gehandel en daardie boodskap oorgedra? -- Mnr. Shabangu en dr. Motlana.

Maar/...

Maar jy is nie seker of mnr. Curtis Nkondo dit ook gedoen het nie? -- Wat ek wel kan onthou wat deur mnr. Curtis Nkondo gedoen was in sy toespraak het hy oor die onderwys gehandel.

Maar jy kan nie onthou of hy ook verwys het - ek sal dit herhaal, ook verwys het dat die mense nie moet deelneem aan die swart plaaslike besture se verkiesings nie? -- As ek so vaag onthou, onthou ek dat hy nie daaromtrent gepraat het nie.

Is dit reg dat hierdie sprekers wat wel oor swart plaaslike besture gepraat het, het gesê aan die gehoor deur om nie aan die verkiesings deel te neem nie, kan swart stadsrade nie funksioneer nie, want hulle kan nie verkies word nie? -- Ek onthou nie dat hulle dit so gestel het nie.

Is dit nie daar oorgedra op die vergadering deur hierdie mense dat die rede hoekom hulle sê is omdat die regering nie die swart mesne geraadpleeg het nie en om deel te neem aan die verkiesing beteken dat die swart mense hulle burgerskap verloor? -- Ek onthou nie dat hulle dit gesê het nie. As u wil hê dat ek aan u moet sê wat hulle gesê het, dan sal ek vir u sê.

Het hulle nie gesê dat die mense moet nie deelneem aan die verkiesings nie, want dit gaan vir die swart mense meebring, hulle gaan nie burgerskap kry nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dat dit verder gesê is dat die swart mense was nie geraadpleeg met die instelling van hierdie stelsel nie? -- Ek kan nie meer onthou nie. Wat ek wel kan sê is dat dit moontlik is dat so iets gesê was.

Was dit nie daar ook verwys na die tuislande en gesê

as/...

as die mense deelneem aan hierdie verkiesings van swart plaaslike besture dan word die tuislande versterk nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Is daar nie 'n resolusie aanvaar wat betrekking gehad het op tuislande nie? -- Ek onthou dat daar wel 'n resolusie was aangaande die mense wat van die Ciskei afkomstig was.

En dat dit is aanvaar omdat dit gesê was op hierdie vergadering deur aan die verkiesings deel te neem, dan word die tuislande versterk? -- Nee, die resolusie wat aanvaar was oor die Ciskei was nie omtrent dit nie.

Was daar geen ander resolusie aanvaar aangaande die tuislandsisteem nie? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar dit kan wees dat dit wel aanvaar was.

Is dit nie daar op die vergadering deur die gassprekers tuisgebring by die mense wat daar gehoor het dat hulle die raadstelsel moet verwerp omdat die raadstelsel nie fondse sal hê nie en dat hulle fondse van ander bronne af nie, nie geld gaan kry nie, maar dat hulle deur die eksploitasie van die mense van die Vaal en deur hoër huur ... -- (Tolk maak beswaar teen stelling wat te lank is)

Is dit daar genoem op hierdie vergadering - ek sal hom opbreek dan - dat die raadstelsel wat moes ingestel word, die raadslede, die swart plaaslike besture, sou meebring dat hulle nie oor belastingpligtigheid beskik om ander fondse te kry nie? -- Ek kan nie meer onthou nie. Dit kan wees dat dit wel genoem was.

En dat dit tot gevolg sal hê dat die mense van die Vaal geëksploiteer sal word deurdat die rade dan hoër huur en diensfooie sal moet hef? -- As ek reg onthou, iets van daardie aard was op die volgende manier oorgedra aan die

gehoor/...

gehoor dat as daar nie geld beskikbaar is vir hierdie rade nie, dan sal hulle die geld moet kry deur die huur te verhoog dat dit van die mense, die gemeenskap ingevorder sal kan word.

En dat die gemeenskap daardeur geëksploiteer word deur die raadslede? -- Ek kan nie daarvan onthou dat daar enigiets gesê was oor die eksploitasie nie.

Het die gassprekers daar die gehoor se aandag daarop gevestig dat deur aan die verkiesings deel te neem sal dit beteken dat die swart mense verdeel word of verder verdeel word? -- Ek verstaan nie die vraag nie. Herhaal die vraag?

Is daar nie gesê dat deur aan die verkiesings deel te neem sal dit beteken dat die swart mense verdeel word nie? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie.

Dit is moontlik? -- Ek weet nie.

Is dit nie 'n algemene argument wat altyd opgestel word dat met hierdie nuwe sisteem is die regering daarop uit om die swart mense te verdeel nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Het hierdie gassprekers op hierdie vergadering die mense van die gehoor daarso aangemoedig om te verenig teen die raadstelsel, raadslede en nie deel te neem aan die verkiesing nie? -- Ek onthou daarvan dat daar melding gemaak was dat mense nie deel moet neem aan die verkiesings nie, want hierdie sisteem van die raadslede waarop hulle wil gaan deel neem, gee nie die persone wat hulle gaan kies die mag om sekere dinge te doen nie. Dit wil sê hulle is nie in staat om die mense goed te verteenwoordig nie.

En is die mense gevra om te verenig teen daardie stelsel? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Op hierdie vergadering en deur die gassprekers is die raadslede wat deelneem aan die verkiesing uitgewys dat hulle

sou/...

sou "puppets" van die regering wees? -- Iets was gesê daaromtrent, naamlik dat as ons nou gaan stem vir hierdie tipe mense, moet ons weet dat ons nou stem vir "puppet bodies." Mense wat eintlik nie magte het nie.

Hoekom sal dit "puppet bodies" wees? Wat is gesê?-- Omdat hulle nie die mag het om enige ding te kan doen wat deur die gemeenskap vereis word nie. Hulle moet eers die mag by iemand kry. So, hulle is magteloos om iets te doen.

En hoe is dit gestel, "puppets" van - "puppet bodies" van wie is hulle? -- Van die goewerment.

En daarom moet dit nie aanvaar word nie. Is dit gesê? -- Ek het dit so verstaan, ja.

Is dit ook gesê op hierdie vergadering dat die raadslede sal net daarvoor verantwoordelik wees dat huur opgaan, dat mense uitgesit sal moet word en dat hulle gaan swaar kry as gevolg van hierdie stelsel wat nou ingebring word? -- Dit wat u nou net genoem het, indien dit daar gesê was, dan kon dit gesê gewees het, maar dit sou dan beteken het dat 'n ou ding daar genoem is, want dit het alreeds plaasgevind.

Ek vra nou nie vir jou of dit 'n ou ding is of 'n nuwe ding is nie. Ek vra vir jou is dit op daardie vergadering gesê deur die gassprekers? -- Ek dink so, ja.

Is dit nie so nie dat die hele boodskap wat hierdie gassprekers van julle daar kom uitdra het aan julle gehoor was dat hulle moet hierdie hele stelsel verwerp? -- Die doel van hierdie gassprekers was om 'n verduideliking te kom oordra aan die inwoners met betrekking tot die organisasies van die gemeenskap, soos die "civics".

Ek het nie gevra wat was die doel om hierdie gassprekers te kry nie. Ek vra die werklike gebeure op daardie vergadering.

Was/...

Was dit op hierdie vergadering werklik, om dit saam te vat, die boodskap wat uitgedra is, dat die hele stelsel van swart plaaslike besture moet verwerp word deur die gemeenskap? -- As dit u siening was in die algemeen van wat daar plaasgevind het, sê ek dit was dié wat ek alreeds gesê het aan u wat die mense daar gedoen het.

Was die gevoel oorgedra om die swart plaaslike besture in geheel te verwerp? Ja of nee? -- Die gevoel dat die swart plaaslike besture verwerp moet word? Is dit u vraag?

Ek vra 'n eenvoudige vraag. Ek gaan dit nog een keer herhaal. Was die boodskap in die algemeen wat hierdie gassprekers van julle daar oorgedra het aan die mense, dat hulle die swart plaaslike besture moes verwerp? -- Miskien sou 'n ander persoon dit so verstaan het.

HOF: Sou hy verkeerd gewees het as hy dit so verstaan het? -- Ek sal nie sê dat daardie persoon verkeerd sou gewees het nie. Dit sou gewees het die vertolking van wat daardie persoon verstaan het is die boodskap.

MNR. JACOBS : En die boodskap omtrent die swart plaaslike besture was deur die gehoor goed ontvang? Hulle het geskreeu "Amandla" en al daardie goed wanneer hierdie boodskap so oorgedra word? -- Ek weet nie of "Amandla" geskreeu was nie.

Goed, ons sal nou daarby terugkom. Was die boodskap goed ontvang dat die mense ten minste opgewonde geword het en daarop geskreeu het en gesê het "Ja, ja" toe die toesprake gelewer was? -- By hierdie vergadering was daar verskillende toesprake gemaak deur verskillende persone. Daar is wel toesprake waar die gehoor op dié manier gereageer het soos aan my nou net gedemonstreer is, deur 'n geraas te maak.

Dit/...

t kan dus wees dat selfs in die toesprake van die persone t na verwys word hier ook dieselfde gedoen was.

En is daar nie "Amandla Ngawethu" geskreeu nie? -- mandla Ngawethu" was daar geskreeu, maar ek kan nie sê t dit net ten opsigte van hierdie gassprekers gedoen is e.

Maar dit was gedoen en geskreeu terwyl hulle gepraat t? Ek sê nie net van hulle nie? -- Ja, as ek nog reg .thou by hierdie betrokke vergadering het dit gebeur.

En is dit ook reg dat die boodskap was ook oorgedra eur die gassprekers dat die regering van die land is verant- oordelik daarvoor dat die swart mense van daardie gebied, .e Vaal, nou sit met die probleem dat daar swart plaaslike esture aangestel word? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar it klink asof dit wel so was. Kyk, 'n ander ding wat u nie oet vergeet nie is dat hierdie dinge het lank gelede plaas- evind. Ek kan nou nie alles onthou wat daar gebeur het nie.

Is dit nie dan ook so dat verder is gesê dat die egering - die boodskap is oorgedra aan die gehoor daar dat ie regering en die swart plaaslike besture is en sal wees ie uitbuiters van die swart mense, die "exploiters", onder- rukkers "oppressors"? -- Ek weet nie.

Sê u u weet nie of daar verwys is na hierdie raadslede, aadstelsel en die regering as onderdrukker van die regering ie? Van die Bantoes nie, die swart mense? -- Ek praat van robleme. Ek sê wat gesê was daar was dat die finansies wat die swart plaaslike besture nie gehad het nie om die projekte uit te voer wat van hulle verwag word deur die gemeenskap, sou die probleme veroorsaak het dat die huur verhoog moet word om die finansiering te kan kry. Dit is

die/...

die probleme waarvan ek praat. Ek praat nie van onderdrukking nie.

Maar was dit nie op daardie vergadering deur die gassprekers gesê deur die instelling van die swart plaaslike besture onderdruk en eksploiteer die regering en sal die swart plaaslike besture ook die mense eksploiteer nie, die swart mense? -- Ek sê ek weet nie daarvan dat daar iets gesê was van die "exploitation" of die onderdrukking van mense nie.

Ek stel dit aan u dit is wat wel daar gebeur het, dat die regering was blameer dat hy sonder raadpleging van die swartmense, swart plaaslike besture ingestel het en dat dit deel vorm van die onderdrukking en eksploitasie van die mense? -- Nee, ek sê die toesprake daar het gegaan oor omdat dit duidelik was dat hierdie mense by die swart plaaslike besture nie genoeg mag gehad het nie, sal dit vir die mense probleme veroorsaak.

Ek wil na u toe gaan na die vergadering, die huisvergadering wat u bygewoon het in Augustusmaand 1984. Die een waar die petisie bespreek is. -- Ja.

MR BIZOS : Sorry to interrupt. It is not an objection. Yesterday I had the wrong information in relation to the time on which I had to be at the airport. It is an hour earlier than I was given information about yesterday. As my learned friend is going onto a new topic, will it inconvenience .... (Court intervenes)

COURT : What is the time of your flight?

MR BIZOS : 18h00 instead of 19h00 as I thought yesterday.

COURT : So is the flight of my assessor. He will be on the same plane. Do not worry.

MR BIZOS/...

MR BIZOS : Perhaps the assessor can intervene on my part if I have to go first to Johannesburg and pack and do other things, but any way.

COURT : We will adjourn at half-past.

MNR. JACOBS : Was u aangestel op die komitee wat moes ingaan of wat die petisie se bewoording moes opgestel het? -- Dit is so.

Het u enigiets gedoen om dit wel op te stel? -- Nee, ek het nie.

Daar was genoeg tyd gewees om dit te doen. Is dit nie? -- Ons was die volgende dag gegee om dit te doen.

HOF : U bedoel u moes dit op die volgende dag klaar hê en teruggee? -- Nee, ons moes eers die volgende dag gaan begin het met die rowwe skets daarvan.

MNR. JACOBS : Maar julle het genoeg tyd gehad om 'n rowwe skets op te trek? -- Ons was die tyd gegee om dit die volgende dag aan te pak.

Hoekom antwoord u nie my vraag nie? Julle het genoeg tyd gehad om dit te doen, ja of nee? -- Ek het nie genoeg tyd gehad om die volgende dag daar teenwoordig te wees om dit te kan doen nie. Ek het eers die volgende dag daarvan bewus geword, dit is die dag wat ons moes gegaan het, dat ek nie sal kan gaan nie.

Het u enige moeite gedoen om ander lede van die komitee te nader of te kontak en te sê kyk, vandag het ek nie geleentheid nie, maar ek is môre beskikbaar? -- Nee, nie aan 'n lid van daardie komitee nie, maar ek het probeer om met iemand in aanraking te kom wat ek dan sou versoek het om daardie boodskap namens my oor te dra. Ongelukkig het ek nie daardie persoon gekry nie.

Hoekom/...

Hoekom het u nie die mense gekontak nie toe u nou hoor u is nie beskikbaar daardie dag nie? -- Ek was destyds werksaam in Johannesburg. So, dit was nie vir my moontlik gewees om terug te keer na die lokasie toe om die mense daar te gaan ontmoet en die boodskap aan hulle oor te dra nie.

Is beskuldigde nr. 10 familie van jou? -- Hy is my neef.

Hulle het 'n telefoon, is dit nie? -- Hy het 'n telefoon nou, maar ek kan nie onthou of hy destyds al 'n telefoon gehad het nie.

Het u enigiets gedoen om met hom in aanraking te kom en vir hom te vra of hy kan reëlings tref met die ander mense omtrent daardie komitee? -- Hy is reeds die persoon wat ek van praat toe ek gesê het ek het probeer om met iemand in aanraking te kom wat my boodskap sou oorgedra het en wat toe nie daar was nie, want hy was ook in Johannesburg werksaam. As ek reg is, was ek en hy in dieselfde gebou of in die gebou langsaan.

Hoekom het jy nie sommer net na hom toe geloop daar en hom gekry en vir hom gesê nie? -- Hy was op sekere tye in die kantoor gewees en hy was 'n persoon wat by UTP gewerk het, Urban Training Project. Die meeste van die tyd was hy nie op kantoor gewees nie.

Die vorige aand toe jy hierdie opdrag aanvaar het, het jy geweet die volgende dag moet jy werk? -- Ja, maar ek het nou net vir u gesê ek het eers bewus geword daarvan dat ek nie in staat sal wees nie op die dag wat ons hierdie rowwe skets moes gaan doen het.

Nou maar kyk, jy het tog die oggend gaan werk en tog geweet ook jy gaan werk die volgende dag? -- Ja, ek het geweet ek gaan werk toe.

Wat/...

Wat is die rede dat jy nie dan toe saam met die komitee kon bymekaar kom nie? -- My getuienis is op die dag dat dit besluit was dat ek deel sal neem aan die opstelling van die rowwe skets van die petisie, het ek geweet dat ek die volgende dag werk toe gaan en ek was ook daarvan bewus dat ek op die tydstip van hierdie werk sal ek terug wees by die huis, maar eers die volgende môre wat ek by die werk kom, het ek toe daarvan bewus geword dat ek nie die aand beskikbaar sal wees om die werk te kan doen nie.

Sal ek my vraag herhaal? Wat was die rede dat jy nie die komitee kon ontmoet om saam met hulle te werk nie? Wat het verhoed dat dit gebeur? -- My werk wat ek doen by SACHED was die rede.

HOF : Wanneer het u weer teruggekom na die Vaaldriehoek

K1157 toe? -- As ek reg onthou eers die volgende dag, dit wil sê die dag daarna het ek teruggekeer na die Vaal toe.

MNR. JACOBS : Het jy ooit daarna na die komitee toe gegaan en gesê kyk, ek is nou jammer ek was nie hier nie, nou gaan ons hierdie ding opstel en on splig doen? -- Nee, ek het nie.

Jy het nooit weer teruggegaan na die komitee toe om die petisie op te stel nie? -- Wat my verhoed het was die werk wat ek moes gedoen het wat veroorsaak het dat ek laat gewerk het, van die werk het ek saamgeneem huis toe om dit by die huis te gaan doen en ek het ook ander dinge gehad waarmee ek gemoeid was wat ek moes gedoen het. Om daardie rede het ek nie na die komitee toe gegaan nie.

Selfs nie eers na hierdie dag toe jy nou tuisgekom het nie? -- Nee, ek het nie.

Ek wil dit aan u stel die rede hoekom daardie petisie nooit opgetrek is nie, is omdat julle nooit ernstig was

oor/...

oor daardie petisie nie? -- Dit is nie so nie.

As julle ernstig was, sou julle ten minste iets gedoen het om dit op te trek? -- Ek het nie tyd gehad om die werk voort te sit nie.

En ek wil dit aan u stel die rede hoekom julle nie ernstig was nie, was dit was net 'n oëverblindery vir hierdie man wat vir julle kom vertel het kyk, die raadslede sê as julle 'n petisie gee is ons bereid om daarna te luister en ons kan die verhoogde huur opskort moontlik? -- Dit is nie so nie.

En ek stel dit verder aan u dat die rede hoekom julle (10) dit nie ernstig beskou het nie, julle wou nie gehad het dat daar so 'n petisie moet uitgaan nie, want as dit gebeur dat die raadslede daaraan gehoor gee, dan het julle nie meer 'n geskilpunt om die mense mee op te sweep teen die raadslede nie? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Want van die begin af, van die stigting van VCA af op daardie vergadering was huur gebruik as 'n geskilpunt om mense op te sweep? -- Nee, dit is onwaar. Ons weet daarvan dat huur een van die redes was wat die probleme veroorsaak het.

HOF VERDAAG TOT 22 FEBRUARIE 1988.

Historical Papers, Wits University

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-30-348**
*Document Title:-* **Vol 348 p 19879-19933. Witness: Vilakazi**

http://www.historicalpapers.wits.ac.za/admin/cms_header.php?did=3341[2009/07/23 10:20:40 AM]